

**22 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 13:10-21; 14:1-6**

**Fokusgedeelte: Lukas 13:16**

### **Sondag is 'n bevrydingsdag**

Elke Sondag is in wese 'n feesdag, 'n dag om van te sing ... 'n bevrydingsdag! Sondag is dié een dag wat God aan ons gegee het om te rus. Stel jou voor dat daar géén rusdag was nie, dat die een dag presies soos die ander verloop. Stel jou daardie oneindigheid voor van altyd maar weer dieselfde, week na week en jaar na jaar. Nou het God in sy groot wysheid één dag uitgesonder en afgesonder as 'n rusdag, as 'n bevrydingsdag. Die grootsheid daarvan beseft 'n mens as jy hierdie gedeelte in Lukas lees. 'n Ernstige siek vrou – vir agtien jaar lank al kromgetrek van kwale en pyn word op die sabbatdag deur Jesus genees. Die hoof van die sinagoge is verontwaardig oor hierdie verskriklike oortreding om op die rusdag 'n sieke te genees.

Dan antwoord Jesus hom: “Mag sy nie op die sabbatdag van hierdie *band losgemaak* word nie?” Juis op die sabbat bevry Christus haar van haar siekte en slaweband wat haar al só lank bind. Daarmee gee Hy karakter aan die sabbat, naamlik 'n dag van bevryding en fees en jubeling! Sien jy dat die bedoeling van die rusdag is om te leef en om asem te skep? Dit is om die bevryding deur Christus van siekte en dood en sonde te ervaar. Daarom sal die kind van God smag na Sondag, omdat dit die een keer per week is waar jy intens bewus word van Christus se bevryding van slawerny. Jubel en juig oor Sondag wat voorlê!

Sing: Psalm 124:3,4

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)